# 2010 BEGROTING

## Die publiek se gids

**Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting- en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Dit dui aan hoe die regering geld gaan invorder en hoe dit spandeer gaan word. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.**

# 2010 - Ke Nako!

Met die afskop in Junie wat vinnig naderkom is Suid-Afrikaners opgewonde oor die vooruitsig om gasheer te wees vir een van die wêreld se grootste sport gebeurtenisse. Ons sukses as gasheerland vir die Konfederasiebeker in 2009 dra by tot die feestelike stemming. As die eerste Afrika gasheerland word ons 'n eenmalige geleentheid gegun om te bewys waartoe ons reënboognasie in staat is.

Voorbereidings het in 2004 begin met 'n geleidelike verbetering van die land se paaie, vervoer, stadions en geboue. Hierdie omvangryke konstruksie werk het heelwat werksgeleenthede geskep wat ekonomiese groei tot gevolg gehad het. Om die waarheid te sê, meer as 130 000 werksgeleenthede is geskep met die bou van die stadions, en dit het R2 miljard bygedra tot lae inkomste huishoudings. Ons land het nou tien wêreldklas stadions, wat ons goed posisioneer om ander groot sport gebeutenisse in die toekoms aan te bied. Gasheer stede het planne in plek om hierdie stadions na die Wêreldbeker te gebruik.

Die regering het R33 miljard vir die Wêreldbeker beskikbaar gestel en Suid-Afrikaners sal voortgaan om voordeel daaruit te trek lank nadat Zakumi, die amptelike gelukbringer van die 2010 FIFA Wêreldbeker, sy laaste dans op 11 Julie gedans het. Besteding is noukeurig gemonitor om te verseker dat daar nie vermorsing plaasgevind het nie en sodat daar rekenskap gegee kan word rakende die aanwending van openbare fondse.



Byna R13 miljard is gespandeer aan die opgradering van vervoerstelsels dwarsoor die land, en groot stede het nou nuwe stelsels soos die Hoëspoed Bus-vervoerstelsel. 'n Verdere R1.3 miljard word gespandeer op veiligheid en sekuriteit, wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens sal help met hul voortgesette stryd teen misdaad en wat sal verseker dat besoekers tydens die Wêreldbeker byeenkoms veilig is.

Ons land sal selfs verder baat vind wanneer ons honderde duisende besoekers van regoor die wêreld hier verwelkom. Die Wêreldbeker byeenkoms sal ook toerisme bevorder en ons hoop dat baie besoekers na Suid-Afrika sal terugkeer.

Gemeenskappe moet betrokke raak, waak teen vandalisme en moet hierdie sport fasiliteite gebruik om jeug en sport ontwikkeling te bevorder.

Hierdie Wêreldbeker sal uitstaan as 'n bepalende oomblik in ons land se ontwikkeling.

Ke nako – dit is tyd!

# 'n Groter ekonomie wat meer mense bevoordeel

Sedert 1994 het die regering die ekonomie laat herlewe uit die swak toestand waarin die Apartheidsregering dit gelaat het. Die ekonomie het gegroei en veral sedert 2001 was meer mense in staat om werk te kry. Die regering het ook meer geld gespandeer op behuising, onderwys, maatskaplike toelaes, vervoer en water.

Ten spyte van hierdie suksesse is te veel mense steeds werkloos. Veral jong mense kry nie werk nie. Deur 'n inkomste te verdien, plaas dit mense in 'n posisie om hulself en hulle gesinne uit armoede te bevry. 'n Land kan ook nie sukses en rykdom behaal as so baie mense werkloos is nie.

Teen die einde van 2008 het die ekonomie opgehou groei en het die land in 'n resessie ingegaan. Soos ons weet was die resessie veroorsaak deur gebeure in die wêreldekonomie.

Die regering het stappe geneem om die impak van die resessie op armes te verminder deur meer te bestee, meer maatskaplike toelaes te betaal en deur meer werksgeleenthede in die openbare werke programme te skep.

Om meer werk te skep, benodig ons selfs vinniger ekonomiese groei en moet ons dinge anders doen sodat ons vir meer mense werk kan verskaf. Meeste werksgeleenthede word deur besighede verskaf: maar die regering kan help deur dit makliker vir besighede te maak om besigheid te doen, mense in diens te neem en wins te maak. Ons land benodig 'n vennootskap tussen gemeenskappe, die regering, besighede en vakbonde, sodat ons bymekaar kan kom om gesamentlik oplossings te vind vir werksverskaffing.

Almal het 'n rol om te speel om te verseker dat ons vinniger groei en meer werksgeleenthede skep. Die regering se rol is om onderwys en opleiding te verbeter, om inflasie en rentekoerse laag te hou, om die wette wat dit moeilik maak vir besighede om te funksioneer te verander en om beter diens te lewer aan beide individue en besighede. Die regering is verbind daartoe om dinge anders te doen om versnelde groei te bewerkstellig en meer werksgeleenthede te skep.

# ’n Nuwe plan om regering se werkverrigting te verbeter

In die Staatsrede, het President Zuma ’n nuwe plan aangekondig om die regering se werkverrigting te verbeter. Dit beteken dat duidelike mikpunte vir die regering se hoof prioriteite – onderwys, gesondheid, bekamping van misdaad, landelike ontwikkeling, werkskepping en verbeterde behuising – gestel sal word. Hierdie mikpunte moet teen 2014 bereik word.

Voorbeelde van hoof prioriteite sluit in om te verseker dat almal toegang het tot eletrisiteit en water, die opleiding van meer mense in vaardighede soos loodgieterswerk, elektriese werk, bouwerk en die herstel van voertuie en deur landelike besighede te ondersteun.

Alhoewel reeds heelwat sedert 1994 bereik is, het die regering op sommige terreine egter nie gelewer wat mense verwag het nie. Die getal kinders in skole het toegeneem maar heelwat graad 3 kinders kan nie behoorlik lees en skryf nie. Meer klinieke is gebou, maar te veel moeders sterf steeds terwyl hulle geboorte skenk. Selfs al het ons meer polisie, is misdaadvlakke steeds te hoog.


In onderwys kan slegs 36 persent van graad 3 leerders behoorlik lees en skryf. Die doelwit is om hierdie getal te vermeerder na 60 persent teen 2014. In gesondheid, sterf omtrent gemiddeld 69 babas uit 1 000 lewende geboortes elke jaar. Teen 2014 moet dit afneem na tussen 30-35 per 1 000 lewende geboortes.

Ministers is besig om planne voor te berei om hierdie mikpunte te bereik en moet dan ook prestasie ooreenkomste indien wat deur die President onderteken sal word. Hierdie nuwe inisiatief, wat deur die Minister in die Presidensie verantwoordelik vir Prestasiemonitering en – evaluering gekoördineer sal word, sal ministers, premiers, burgemeesters en beamptes verantwoordelik hou vir wat die regering wil bereik.

Beter beplanning en monitering is belangrik om demokrasie te laat werk. Dit is egter die taak van alle Suid-Afrikaners om die regering verantwoordelik te hou om te verseker dat daar op ’n doeltreffende wyse aan mense se behoeftes voldoen word.

Ander voorbeelde van hoof doelwitte sluit in:

- Verminder nuwe HIV infeksies
- Verminder die skaal van trimisdaad (huisbrake, inbrake by besighede, en motorvoertuig kapings)
- Verbeter wiskunde en wetenskap uitslae in skole




# Meer met minder

Die 2010 begroting is ’n duidelike aanduiding dat die Regering daartoe verbind is om “meer met minder“ te doen en steeds doeltreffende dienslewering aan die nasie te verseker. Deur die regering se pogings om besparings in alle departmente te identifiseer, was ons in staat om R25.6 miljard te vind vir hertoekenning aan ons prioritiete soos onderwys en gesondheid.

Om waarde vir geld te kry is belangrik, en alle werknemers in die openbare sektor moet verseker dat openbare fondse verstandig gespandeer word. Dit is van kardinale belang dat korrupte tender praktyke blootgelê word en dat skuldiges tot verantwoording geroep word.

Die taakspan wat in Julie 2009 deur die regering aangestel is om besparings te identifiseer, gaan voort om op ’n innoverende wyse uitgawes te her-prioritiseer om sodoende vermorsing te elimineer. Terselfdertyd het die interdepartementele werkgroep wat kyk na die voorkoming van tenderverwante korrupsie en bedrog en die nakoming van wetlike vereistes, heelwat vordering gemaak om korrupte individue en besighede vas te trek.

Om waarde vir geld te verseker moet behoorlike vergoedingspraktyke toegepas word. Dit is belangrik om werkers billike lone te betaal maar dit moet op so ’n wyse geskied dat dit nie dienslewering nadelig beïnvloed nie. Onbillike en onverantwoordelike loon eise deur uitvoerende amptenare van onderpresterende staatsinstellings, ondersteun nie die kern waardes en gees van ons grondwet nie. In ’n ontwikkelende land soos hierdie met wydverspreide werkloosheid en armoede moet ons verseker dat die geld wat bestee word die grootste impak moontlik het op die verbetering van die lewensgehalte van ons mense.



## Begrotingshoogtepunte

### Die vernaamste veranderinge aan die begroting oor die volgende drie jaar:

### Bykomende toekennings

- R12.2 miljard meer om die kinderondersteuningstoelaag te verhoog na ’n kind se 18de verjaardag
- R2.7 miljard meer om geletterdheids- en syfergeletterdheidswerkboeke te voorsien en R1 miljard om subsidies vir hoër onderwysinstellings te verhoog
- R15.1 miljard meer vir beroeps-spesifieke salarisaanpassings vir skool en Verdere Onderwys en Opleidings kollege opvoeders, gesondheidswerkers en korrektiewe dienste werkers
- R2.2 miljard meer vir die nuwe verdedigingsvergoedingsstesel
- R8.4 miljard meer vir HIV en Vigs programme en om die anti-retrovirale behandelingsprogram uit te brei
- R3.6 miljard meer vir die industriële beleidsinisiatief
- R2.5 miljard vir die openbare werke programme
- R1 miljard meer vir die strafregsektor
- R2.8 miljard meer vir openbare vervoer, paaie en spoorinfrastruktuur
- R2.5 miljard meer vir munisipale infrastruktuur en R6.7 miljard vir munisipaliteite om die verhoogde koste van gratis basiese dienste te dek
- R1 miljard meer vir landelike ontwikkeling, R1.2 miljard vir water en sanitasie-infrastruktuur ter ondersteuning van landelike huishoudings en R1.5 miljard vir die Land Bank om landelike ontwikkeling te ondersteun
- R1 miljard meer vir menslike nedersettings en R0.5 miljard vir grootmaat-waterinfrastruktuur

### Maatskaplike toelaes

| Rand | 2009/10 | 2010/11 |
|---|---|---|
| Staatsouderdomspensioen | 1 010 | 1 080 |
| Ongeskiktheidstoelae | 1 010 | 1 080 |
| Kinderonderhoudstoelae | 240 | 250 |
| Pleegsorg toelae | 680 | 710 |
| Sorgafhanklikheidstoelae | 1 010 | 1 080 |
| Toelae vir oudstryders | 1 030 | 1 100 |
| Hulp toelaag | 240 | 250 |

### Belasting voorstelle

- Persoonlike inkomstebelastingverligting vir individue van R6.5 miljard
- Staking van SIBW (standaard inkomstebelasting op werknemers) stelsel
- Brandstof belasting, insluitende die padongelukke fonds, sal toeneem vanaf 7 April 2010, met 25.5 sent per liter
- ’n Koolstof-emissie belasting op nuwe motor voertuie
- ’n Pakkie van 20 sigarette sal R1.24 meer kos
- ’n 750 ml bottel wyn sal 12 sent meer kos
- ’n 340 ml blikkie bier sal 6.5 sent meer kos, en
- ’n 750 ml bottel drank sal R2.22 meer kos